

Ruimte moet geskep word om KMMO's te laat groei

In Junie vanjaar het ek verwys na die onderprestasie van die JSE se Indeks van Kleinkapitaalaandele relatief tot die JSE se Indeks van Alle Aandele, kort op die hakke van 'n opwaartse sprong vroeg in 2018. Hierdie onderprestasie is oor die afgelope paar maande voortgesit. Buiten vir die kortstondige oplewing vroeg vanjaar, was daar sedert 2017 deurlopend 'n afname in kleinkapitalisasie-aandeelpryse relatief tot die mark in sy geheel en herinner dit aan die tydperk van die Groot Resessie.

Klein, medium- en mikrosakeondernemings (KMMO's) is veral kwesbaar vir ongunstige toestande in binnelandse aanvraag. Die belowende verhoging in binnelandse koopkrag en verbruikersbesteding wat in 2017 aangeteken is en gespruit het uit 'n verhoging in Suid-Afrikaanse kommoditeitsuitvoerpryse, is teleurstellend nie in 2018 gevolg deur sterker binnelandse vastebeleggingsbesteding en werkskepping nie.

Indeks van Kleinkapitaalaandele relatief tot JSE se Indeks van Alle Aandele



Bron: I RESS

Die eerste twee kwartale van die jaar het albei negatiewe reële BBP-groei aangeteken, wat dikwels deur ekonome 'n tegniese resessie genoem word. Ten dele weerspieël dit verswakkende ruilvoet en binnelandse koopkrag weens die sprong in die olieprys oor die afgelope jaar.

Terselfdertyd het strammer finansiële toestande, in reaksie op die volgehoue siklus van rentekoersverhogings van die VSA se Federale Reserwe, bykomend tot die skuif na groter VSA handelsproteksionisme, op stygende wêreldwye risiko-vermyding uitgeloop.

Opkomende mark- (OM) lande met makro-ekonomiese wanbalanse is onder die loep – veral daardie lande met swak regerings- finansiële posisies, Suid-Afrika ingesluit. Dit, beperk die Reserwebank tot 'n vlak rentekoersverlagingsiklus.

Die relatief-vrystewende Rand is 'n nuttige skokbreker. Maar die risiko van 'n rentekoersverhoging is aan die opbou as die Reserwebank sou glo dat valutaswakheid besig is om na hoër inflasieverwagtinge deur te filter. Indien wel, sal dit 'n swaar slag wees, gegewe die reeds beduidende swak groeikoers in kredietverlening aan die privaat sektor.

Die konsensusverwagting is dat die ekonomie in die laaste helfte van die jaar beter behoort te presteer. Die onlangse hoëfrekwensiedata-vrystellings, Augustus 2018 se swak binnelandse vervaardigings-aankopebestuurdersindeks (PMI) ingesluit, dui aan dat hierdie siening getoets word. Maar dit blyk steeds redelik om te redeneer dat 'n einde aan die droogte in die Wes-Kaap, voortgesette wêreldwye groei (hoewel minder gesinkroniseerd) en, hopelik, meer duidelikheid oor ekonomiese beleid, groei tot in 2019 'n hupstootjie behoort te gee.

Net so is dit ook duidelik dat die ekonomie nie in enige toestand is om 'n betekenisvolle duik in Suid-Afrika se hoë werkloosheidskoers te maak nie. Uiteindelik, ten einde 'n volhoubare opbloei in groei te vestig wat die lewenstandaarde van alle Suid-Afrikaners sal verhoog, moet beleidmakers die 'crowding out'¹ van ekonomiese aktiwiteit in die privaat sektor – veral in die KMMO-sektor – vermy.

Die hoë vlak van kredietopneming deur die staat absorbeer 'n groot deel van die beperkte besparingspoel. Hoe meer die regering bestee, hoe meer moet die binnelandse privaat sektor en buitelandse beleggers spaar om die verskil op te maak. Op die ou einde het die verswakking in regeringsfinansies gelei tot 'n volgehoue verhoging van die belastinglas oor die afgelope paar jaar, soos weerspieël word in die geskiedkundig-hoë vlak van belasting op individuele inkomste en kapitaalwinste relatief tot huishoudelike inkomste, terwyl reële leenkoste styg (gedeeltelik weens die afgraderings in soewereine skuldgraderings).

'n Groeistrategie moet dus 'n betekenisvolle fiskale konsolidasie insluit, wat nie slegs daarop gemik is om die regering se skuldvlak te stabiliseer nie, maar ook poog om die staat se nettowaarde te verbeter. Laasgenoemde sluit 'n broodnodige skuif in na doeltreffende kapitaalbesteding (om aan die behoeftes van menslike kapitaal en infrastruktuur te voldoen), terwyl verbruik gesny word (die regering se loonrekening ingesluit).

Maar 'n hernude fokus op deregulasie, dekonsentrasie van die ekonomie en die vestiging van effektiewe kanale waardeur die idees van Suid-Afrika se entrepreneurs gekommersialiseer kan word, is ook nodig.

Op die ou einde word 'n beduidende verbetering in die besigheidswêreld oor die algemeen vereis. Suid-Afrika staan 82^{ste} op die Wêreldbank se Ease of Doing Business Index, waar 1 die wêreld se besigheidsvriendelikste land verteenwoordig. Dit impliseer dat ons nog baie vêr het om te gaan. Intussen bly groeivoorsigte matig.

Geskryf deur Arthur Kamp, Beleggingsekonoom, Sanlam Beleggingsbestuur

¹ 'Crowding out' verwys na die situasie waar verhoogde rentekoerse tot 'n verlaging in privaat beleggingsbesteding lei, sodat dit die aanvanklike verhoging in totale beleggingsbesteding smoor.